**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak nr: 1223/2006

In die saak tussen:

**<u>DIE STAAT</u>**

en

**<u>FRANSE VUYISILE DULAZA</u>**

---

**<u>CORAM:</u>** WRIGHT, R *et* VAN ZYL, R

---

**<u>UITSPRAAK:</u>** WRIGHT, R

---

**<u>GELEWER OP:</u>** 14 DESEMBER 2006

---

[1] Die beskuldigde, 'n 23-jarige man, is skuldig bevind aan twee klagtes. Die eerste klagte was 'n klagte van diefstal van twee 2kg pakke hoender met 'n waarde van ongeveer R50,00. Ten opsigte van die klag is hy gevonnis tot 6 maande gevangenisstraf. Die tweede klag was een van diefstal van 'n skaap maar is beskuldigde slegs skuldig bevind aan poging tot veediefstal en gevonnis tot 12 maande gevangenisstraf wat op gepaste voorwaardes vir 4 jaar in geheel opgeskort is.

[2] Die feite van die saak is ietwat eienaardig. Die beskuldigde het eers skuldig gepleit maar is sy pleit nie aanvaar nie en is daar dan getuienis gelewer deur 2 getuies en het die beskuldigde self ook getuig. Dit is duidelik dat hy wel die pakke hoender gevat het maar dat dit teruggevind is as gevolg van sy onbeholpenheid en heelwaarskynlik ook as gevolg van sy dronkenskap. Daar is ook vermeld dat daar 'n mate van skade aan die yskas was.

[3] Wat die tweede klag betref blyk dit dat hy die skaap geneem het en opgetel het en blykbaar 'n onsedelike daad met skaap wou uitvoer. Dit is in elk geval duidelik dat hy beheer oor die skaap gehad het. Alhoewel die beskuldigde 'n mes by hom gehad het, het hy dit nie gebruik nie en het hy nie daarin geslaag om die skaap weg te neem nie. Hy kon dus hoogstens aan 'n poging tot diefstal skuldig bevind word.

[4] Die beskuldigde het wel twee vorige veroordelings. Die eerste twee is vir aanranding en die derde een waarvoor hy in 1999 gevonnis is, is een van diefstal waarvoor 6 maande gevangenisstraf opgelê is. Wat die eerste klag betref is dit 'n nietige klag en as dit nie vir die beskuldigde se vorige skuldigbevinding aan diefstal was nie, sou 'n waarskuwing heelwaarskynlik voldoende gewees. Ek meen in elk geval dat hierdie vonnis sowel as die vonnis ten aansien van die tweede klag sodanig onvanpas is dat daar ingemeng behoort te word.

[5] Die landdros het in sy uitspraak na vele sake verwys ondermeer die beslissing van **<u>S v OOSTHUIZEN EN 'N ANDER</u>** 1996 (1) SASV 475 (O), welke saak gewoonlik nie in die konteks van sy feite beoordeel word nie. In elk geval wyk die feite van hierdie saak sodanig af van die normale tipe veediefstalsake betrokke sake eintlik nie relevant is nie. Ek meen dat in elk geval hierdie vonnis sodanig

onvanpas is dat daar ingemeng behoort te word.

[6] Bygevolg word die skuldigbevindings bekragtig maar die vonnisse ter syde gestel en vervang met die volgende:

1. Aanklag 1: Drie (3) maande gevangenisstraf.

2. Aanklag 2: Ses (6) maande gevangenisstraf wat opgeskort word vir vier (4) jaar op voorwaarde dat beskuldigde nie skuldig bevind word aan diefstal en/of poging tot diefstal met inagneming van die bepalings van Wet 57 van 1959 gepleeg in die tydperk van opskorting nie.

3. Die vonnis moet geag word opgelê te gewees het op 2 Oktober 2006.

**G.F. WRIGHT, R**

Ek stem saam.

**C. VAN ZYL, R**

/em